# NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

**Kantoor** 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
**Dr Liesl Nickols** - 082 840 1880; liesl.nickols@gmail.com
http://www.ngrandburg.org /
facebook.com/ngkerkrandburg

**3 November 2024**

## VANDAG

1. **Erediens:** Prof Fanie Snyman. Nagmaal. **Psalm 66**. *Dankbare mense eer God vir alles........*
2. **Nuwe lidmate – baie welkom!** Ontmoet vir Sakkie en Elsa Louw by die diens-toonbank.

## ONS LEWE

1. **Program vir die volgende weke:**

| | |
|---|---|
| **10 Nov** | Kategese afsluiting |
| **17 Nov** | 9:00 Oggenddiens; Kerkraadsvergadering 17h00; **19:00 Kerssangdiens.** |

2. **Lekker Kuierklub:** Die jaar-afsluitingsfunksie vind op 20 November om 9h30 vir 10h00 plaas by Blandford Manor, 106 Hyperion Drive, Northriding. Bespreek asb. voor Vrydag 15 November, per WhatsApp by Estelle Visser - 082 572 1462. Almal bo 60 jaar is baie welkom!
3. **80 jaar Feesdag:** Groot dank aan almal wat bygedra het tot die fees geleentheid oor die afgelope paar weke. Dankie aan elkeen wat moeite gedoen het om vandag hier te wees. Dit is groot GENADE om 80 jaar kan vier!
4. **Omgeegroepe:** Het jy die behoefte om nader te behoort? Sluit dan aan by een van die gemeente se talle omgeegroepe! Indien jy sou belangstel, WhatsApp asb. die volgende aan Wilco Kamffer (082 516 1554): Naam, Van, Ouderdom en Gesinsprofiel (huwelikstatus, kinders, kinders se ouderdom). Indien jy 'n behoefte vir 'n nuwe omgeegroep sien, of as leier wil optree, sluit dit in by die boodskap.

## GELUK MET DIE VERJAARSDAG



03/11 Richard Greeff, Melanie Trollip, Lynette van der Schyff, Lukah Wentzel
06/11 Franco Marais, Ockert Pretorius
07/11 Jaco de Kock, Marina Höll, Mekayla Kamffer, Julia Kotzé

## LEESROOSTER 3 - 9 November

Markus 12:28-34; Rut 1 : 1-18; Psalm 146; Hebreërs 9: 11-14
**Leesrooster groep se skakel https://chat.whatsapp.com/Ceh5hZCfXzE5QhK9MQi0WG**

# ONS GEE OM

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Dolf Müller** (082 854 8815), **Johan Kemp** (082 700 8896), **Di Hart** (083 226 5486) en **Hennie Meyer**.
2. **Operasies en hospitalisasie en gesondheidsprobleme**
   - **Hannes Helberg** (084 789 9522) is besig met kanker-behandeling.
   - **Rena Knibbs** (Hester Botes 072 243 2066) herstel in InterCare, Rivonia na beroerte.
   - **Lynette van der Schyff** (082 965 7806) herstel in Bryanston sub-acute na operasie.
3. **Baie geluk: Walter** en **Nicole Lemmer** (072 659 2179) met die geboorte van *Waldo.*

# ONS DIEN

1. **Kerskardoese 2024: Daar is nog 9 trane beskikbaar na die erediens op die stoep**:
   - Neem 'n **traan** of meer by die tafels op die stoep asook 'n **standaard kartondoos** vir elke traan. Besluit of 'n *kleiner of groter* kartondoos nodig is vir die behoeftes op die traan.
   - Voltooi **asseblief** die **kontrolelys met 'n naam teenoor die betrokke traan-nommer**.
   - Die **subsidie bedrag van R600** vir elke traan kan vandag aangevra word by Shani. Die gedagte is dat dié bedrag aangevul word met eie fondse of middele om behoorlik te voorsien in die behoefte wat op die traan verskyn. Nooi ander lidmate of vriende om saam te werk.
   - Die **toegedraaide en versierde kardoes** word nie later as **Sondag 17 Nov** duidelik gemerk teruggebring. Kontak asb. vir Shani (083 226 9988) vir enige navrae.
2. **Sosiale Media: Sien jy kans om te help met sosiale media?** Neem en plaas van foto's/aktiwiteite op ons verskeie Sosiale platvorms. Kontak vir dr. Liesl.
3. **Huisbesoek:** Indien daar behoefte is aan persoonlike huisbesoek. Kontak dr Liesl op WA (082 840 1880) vir afspraak.

# 'N OFFER VAN DANK IN 2024

Novembermaand is tradisioneel Randburg se "**Dankie-sê – maand**". Dit is die tyd waarin lidmate vir hulleself **rekenskap gee oor God se spesifieke seëninge** oor hulle en hulle dankbaarheid daarvoor. En natuurlik vra dit hoe ons werk met die **besittings wat die Here vir ons gee om te gebruik**.

Die Dankbaarheidsoffer gee die geleentheid om 'n **spesiale offer** *"uit die hart"* te bring … 'n "*offer*" wat ek self graag sou wou hê maar in dankbaarheid vir God sal "*weggee*" … vir Sy werk!

Diensgroep Steundienste bestuur die gemeente se werksaamhede versigtig en verantwoordelik en handhaaf streng begrotings kontrole. Maar die **uitdagings en nood is groot** … daar is **werk wat in die geloof moet voortgaan en ook uitbrei** … en daarom glo ons dat God dit deur lidmate se offers sal moontlik maak!

*Die Dankbaarheidsoffer kan op verskeie maniere gegee word:*

- **Bring die offer self** deur die week na die kantoor of op 'n Sondag na die kerk – in 'n koevert.

- Betaal die offer **elektronies** oor in die gemeente se bankrekening: NG Gemeente Randburg; ABSA 505 705; Rek nr: 0170580001. Gebruik asb 'n duidelike verwysing – Tiende Maand.

*Die keerdatum vir die spesiale Dankoffer se mikpunt van R325 000 is* ***einde November*** *...* Mag die Vader aan wie elkeen en alles behoort ons harte vul met Sy liefde en krag sodat ons offers kan bring wat Sy eer waardig is.

# WOORD VIR DIE WEEK ...
# Markus 12 : 28-34

**Markus 12:28-34....Liefde is die grootste**.

**Moment 1 - Jesus se radikale samevoeging van tradisies oor liefde**.... "Watter gebod is die belangrikste van almal?" Die skrifkenner is volgens alle aanduidings werklik geïnteresseerd in Jesus se opinie. Hy het Jesus immers reeds in die vorige redenasies gehoor en gesien dat Hy hulle goed geantwoord het. Jesus antwoord met 'n aangepaste weergawe van die bekende Shema: Die oproep aan Israel om Jahwe se uniekheid, en sy totale aanspraak op hulle lojaliteit, te erken en Hom lief te hê as hulle enigste God. Jesus voeg 'n tweede gebod daarby: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" , 'n aanhaling van Levitikus 19:18 uit die Septuagint. Die wyse waarop Hy die tweede saam met die eerste voeg, is radikaal.

**Moment 2 - Gehoorsaamheid aan die hele wet....**Deur die liefde vir God en naaste op dié manier saam te voeg in antwoord op die wetkenner se vraag, gee Jesus te kenne dat die Tora in geheel hierdeur opgesom word. Wie hieraan gehoor gee, gee gehoor aan die hele wet; die Israel wat luister, is dié wat dít doen. Dink na oor jou eie dag-tot-dag-lewe. Hoe gaan jou liefde vir God hand aan hand met liefde teenoor jou naaste? Staan liefde vir God en jou medemens voorop in jou alledaagse doen en late?

**Moment 3 - Om die bedoeling van die Tora te mis, lei tot liefdeloosheid**
Met Jesus se antwoord maak Hy dit duidelik dat die Tora se bedoeling was om 'n kultuur van liefde te vestig. Die wet van Moses is vir Israel gegee sodat hulle padlangs sou leer wat liefde vir God en naaste is. Deur egter te fikseer op die rituele wet (brandoffers en ander diereoffers) raak die godsdienstige leiers die pad byster, verdwaal hulle op 'n pad ver van die koninkryk van God. Die tempelkultus word 'n liefdelose instrument wat mense uitsluit en uitbuit. Gebeur dit vandag ook dat ons dit wat as goed bedoel is, verdraai en God se bedoeling daarmee mis?

**Moment 4 - Kyk doelbewus hoe mense se liefde vir God hulle optrede bewaar**

Doen moeite om vandag in jou ontmoetings met mense op die uitkyk te wees vir hoe medemenslikheid, omgee tussen mense, sigbaar is. Kyk uit vir hoe liefde vir God die onderliggende dryfveer vir onderlinge liefde is. Gedy in Gods liefde en laat dit ook op konkrete maniere oorspoel na jou medemens

# SNUFFELGIDS

1. **Motorhuisdeure:** Installasie, herstel en diens. Puik en vinnige diens. Nico – 081 350 2187.
2. **Blomme en dekor vir enige geleentheid:** Kontak Betsie (082 442 6373) vir meer inligting.
3. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Kontak Martiens (071 609 8937).
4. **Loodgieter - Plumbing Beat:** Gekwalifiseerde en gelisensieerde loodgieter. Vir alle loodgieter probleme. Skakel Maurice van Wyk (076 266 2068) vir goeie en spoedige diens.
5. **Betroubare verfwerk:** Diet Masenya (072 850 0588) lewer 'n uitstekende diens as verwer en algemene herstelwerk. Afrikaans en Engels goed magtig. Verwysings beskikbaar.
6. **Annique Velsorgprodukte:** Kan bestellings plaas by Joléne (083 379 7709).
7. **Tutela:** Benodig dringend speelgoed, legkaarte, bord speletjies, plastiese tafel en stoeltjies in goeie toestand vir terapiekamer.
8. **Dringend gesoek:** Behoeftige gesin van 3, soek tuinwoonstel te huur. Kan slegs R4500pm bekostig. Kontak Deon 082 809 2150
9. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.

# BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb. rede vir inbetalings as verwysing:

**NG Gemeente Randburg**
**ABSA Randburg**
**Kode 505 705**
**Tjek rek nr: 0170580001**

**Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.**

# BYBELBUDDIES

**Ouers en kinders:** Sluit by dr Liesl se WA groep vir gesinne aan: https://chat.whatsapp.com/G5XOplBFQRoJPQOCqF4kmf.